LitNet Akademies: Gids vir skrywers en keurders van artikels vir die natuurwetenskaplike been

Dirk Laurie
Redakteur, Natuurwetenskappe
LitNet Akademies

Summary

The article starts with an English translation of the Afrikaans summary.

Opsomming

Die opsomming is ongeveer 300 woorde lank. Dit bevat 'n beknopte samevatting van die belangrikste resultate van die artikel, geskik vir 'n leser wat reeds goed vertroud is met die gebied.

Extended abstract

This section gives a long summary of the article in 3 pages (about 1500 words) stressing results and methods but suppressing details. The intention is that a reader who is well acquainted with the field of research but does not understand Afrikaans should be able to glean enough information to cite the paper. Authors should bear in mind that this may be the only part of the paper seen by such readers.

Skrywers mag die uitgebreide opsomming liewer in Afrikaans lewer: LitNet sal dit self vertaal.

Inleiding

Nes die lang opsomming is die inleiding ook ongeveer 3 bladsye (ongeveer 1500 woorde) lank, maar dis gemik op 'n leser met 'n breë wetenskaplike agtergrond wat nie self 'n deskundige op die spesifieke gebied hoef te wees nie. Dit is veral belangrik dat Afrikaanse vaktaal wat nie reeds in algemene gebruik is nie (dalk selfs in hierdie artikel geskep) deeglik bekendgestel word.

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Die bedoeling is dat 'n intelligente en opgevoede leser van LitNet (dws die tipiese leser) grotendeels die inleiding moet kan volg. As 'n algemene riglyn: 'n dertig-jaar oue BSc-graad met die relevante hoofvak (wiskunde, chemie, fisika, geologie, biologie ens.) moet voldoende wees dat die hele inleiding verstaanbaar is.

Dit is nie nodig om in die inleiding by 'n beskrywing van die resultate van die artikel uit te kom nie — onthou, dit is 'n inleiding, nie 'n geannoteerde inhoudsopgawe nie.

1. Joernalistieke styl

Pascal het 'n slag gesê: *"si j'ai écrit une si longue lettre, c'est parce que je n'ai pas eu assez de temps pour l'écrire plus courte"* — "as ek so 'n lang brief geskryf het, is dit omdat dat ek nie genoeg tyd gehad het om dit korter te skryf nie." Dit is 'n woord van groot waarheid, en onnodige langdradigheid is gewoonlik 'n teken dat daar nog nie genoeg dinkwerk in die skryfpoging gegaan het nie.

Maar in die wetenskaplike literatuur is dit gewoonlik nie die probleem nie. Inteendeel, artikels neig om kunsmatig beknop te wees as gevolg van beperkings op die aantal bladsye, dikwels deur bladsygelde en kwaai redakteurs afgedwing. 'n Mens kan sulke artikels nie maklik volg nie.

Artikels in *LitNet Akademies* word nie soos papierpublikasies ten opsigte van lengte beperk nie. Skrywers kan gerus die ekstra vryheid gebruik om meer voorbeelde en verduidelikings in te sluit. Dit is veral belangrik in die lang inleiding.

Daar is ook geen beperkings ten opsigte van volkleurgrafika en -foto's nie. Inteendeel, ons verwag van skrywers om waar enigsins moontlik moeilike begrippe met behulp van grafika te verduidelik. Soos die antieke Chinese na bewering gsê het: een prent is 'n duisend woorde werd.

Wanneer daar na ander werk verwys word, moet daar 'n kort opsomming wees van wat daaruit gebruik word. Onthou, die artikel gaan gelees (of minstens kortliks onder oë gekry word) deur baie ander mense as net die gewone spannetjie spesialiste. Net nagraadse studente druk deur wanneer hulle die artikel eers gaan verstaan nadat hulle tien ander artikels uit die biblioteek moes deurwerk.

Voet- en eindnotas moet liefs nie gebruik word nie.

2. Wetenskaplike waarde

My aandrang op leesbaarheid en selfgenoegsaamheid beteken nie dat die hele artikel populêr-wetenskaplik moet wees nie. Dit geld slegs die inleiding.

Die kern van die artikel moet 'n stuk oorspronklike navorsing wees waarop die skrywer trots is. *LitNet Akademies* gaan nie die solder wees vir minderwaardige artikels nie.

'n Kreatiewe oorsigartikel, waarin resultate met insig in een raamwerk geplaas word, tel ook as oorspronklike navorsing, maar wees gewaarsku: so 'n artikel verg jare se verdieping in 'n vakgebied en is inderwaarheid moeiliker om te skryf as 'n artikel oor nuwe werk.

Minstens twee portuurkeurders gaan die redaksie adviseer oor die wetenskaplike waarde van die werk, en as daar nie 'n duidelike oorwig van mening ten gunste van publikasie

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

as 'n volwaardige artikel in 'n geakkrediteerde tydskrif is nie, gaan die redakteur dit nie plaas nie.

3. Taalgebruik

Dis ons droom dat *LitNet Akademies* by uitstek die plek gaan wees waar Afrikaanse vaktaal sy beslag gaan kry. Ons is daar heeltemal van jou afhanklik. Ons skrywers en keurders is die deskundiges, die mense wat byvoorbeeld weet dat niemand ooit 'n sekere term gebruik nie, al staan hy in die 1953-uitgawe van die een of ander vakwoordeboek. Soos die sportkommentators en -verslaggewers wat met woorde soos driesprong, pypkan en gangetjie nuwe terminologie geskep het, is dit ons skrywers wat nuwe woorde skep vir nuwe wetenskap.

Dit sal help om oor die skouer te loer na wat ons neefs in die stamlande doen, maar skrywers moenie verplig voel om te maak soos hulle maak nie.

LitNet Akademies beskik oor die dienste van meer as een taalpraktisyn met 'n wetenskaplike agtergrond, en skrywers sal dalk met so 'n persoon moet koppe stamp oor party terme. Hulle moenie bang wees om hard te stamp as hulle sterk oor die saak voel nie. Keurders het dieselfde voorreg.

4. Beleidskwessies

1. 'n Kort biografie (narratiewe CV) en foto van die outeur moet die voorlegging vergesel. Outeurs moet asseblief ook hulle huidige affiliasie (byvoorbeeld met 'n universiteit of ander instelling) en e-posadres verskaf.

2. Artikels (of 'n wesenlike gedeelte daarvan) wat aan *LitNet Akademies* voorgelê word, mag nie elders óf onder oorweging óf reeds gepubliseer wees nie (dit sluit vertalings en plasing op LitNet se SeminaarKamer in).

3. Kopiereg van die artikels berus by die outeurs. Skrywers mag egter geen beperking stel op die verspreiding deur elektroniese media van eksemplare van die weergawe wat op LitNet verskyn het nie. Indien die artikel, of 'n verwerkte vorm daarvan, later ook elders gepubliseer word, sal 'n erkenning aan *LitNet Akademies* waardeer word.

5. Volg die voorbeeld

Kyk na die artikels wat reeds in die natuurwetenskaplike been van *LitNet Akademies* verskyn het, en probeer daardie skrywers nadoen.

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za